Ons ken die stem waarmee die Here ons op die naam roep en lei

Ds. PJ Kriel 30.11.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe Jesus Christus ons goeie Herder is volgens Psalm 23. Hy lei ons deur vir ons met sy lyding, kruisiging, dood en opstanding die regte pad oop te trap waarin ons Hom in vertroue kan volg. Die Here bewaar sy kerk deur hulle sy stem te laat ken en so nooit die stem van valse Christusse te volg nie. Die Here laat nie sy kerk spirituele leiers se vanghok word nie. Die geskiedenis van die NG Gemeente Levubu wys hoe die Here sy kinders sy stem laat ken en sy kinders lei om Hom en nie valse Jesus-karaktertjies te volg nie. Ds. Petrus Kriel se laaste preek as voltydse leraar vir Levubu-gemeente.

Skriflesing Johannes 10: 1 – 21; Esegiël 34: 22, 30; 37: 22 – 24.

Teks Wanneer hy al sy skape uitgelei het, gaan hy hulle voor uit en hulle volg hom omdat hulle sy stem ken.”

Tema Ons ken die stem waarmee die Here ons op die naam roep en lei

1. Die Here Jesus is ons goeie Herder.

Met hierdie openbaring verklaar die Here dat Hy vir sy kerk die goeie Herder van Psalm 23 is. Die woorde van die Here “Ek is”, is in die Johannes evangelie die uitdrukking waarmee Jesus Christus wys Hy is die Here God wat Homself in Exodus 3: 14 só openbaar het: “God sê toe vir Moses: “Ek Is Wie Ek Is.” Hy sê toe ook: : So moet jy die Israeliete antwoord: ‘Ek Is’ het my na julle toe gestuur.’

Moses wou vir God ‘n persoonlike naam hê soos alle afgode persoonlike name deur mense gegee word. Maar God kan nie so deur mense met persoonlike name geïdentifiseer word nie. God is wie Hy is en so moet mense Hom aanroep en dien. Die openbaring “Ek Is Wie Ek is” is die Hebreeuse woord “Jahweh”. In Afrikaans is die woord “Die Here.” Wanneer ons die woord “Die Here” in die Bybel lees dan beteken die woord: “God Is Wie Hy Is.”

As Jesus Christus dan verklaar “Ek Is” dan openbaar Hy dat Hy is “Ek Is Wie Ek Is, Ek is Jahweh.” Dit het die Here in die vorige hoofstuk 8: 58 openlik en duidelik teenoor die Jode verklaar en bevestig: “Jesus het hulle geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir julle, Ek is al van voordat Abraham gebore is.” Die Jode het presies gehoor wat die Here van Homself openbaar en wou Hom juis hieroor vir godslastering stenig volgens die opdrag in die Ou Testament oor godslastering.

As die Here Jesus dan hier verklaar Hy is die goeie Herder, dan openbaar Hy Hyself, Jesus Christus, is die goeie Herder van Psalm 23 en dat Hy, Jesus Christus, alles is en doen wat Dawid in Psalm 23 oor God as Herder getuig: Die Here Jesus is die Herder wat ons na groen weivelde lei, ons lei na waters waar rus is, ons deur donker tye van dood en die bedreiging van die dood lei, ons elke dag weer nuwe krag gee en Hy trap vir ons ‘n pad oop waarin ons in sy voetspore van geregtigheid volg.

Dit beteken nie dat die Here ons op die regte pad vat nie. Daar is nie ‘n regte pad waarop die Here ons vat nie. Dit beteken Hy maak die regte pad deur vir ons geregtigheid te skep en ons vir Hom reg is wanneer ons leef in die geregtigheid wat Hy vir ons oopgetrap het. Wanneer die Here dan hier verklaar dat sy skape Hom

volg, dan beteken dit dat die Here Jesus vir hulle geregtigheid, om reg vir God te wees, oop trap met sy lyding en opstanding.

2. Jesus is die Herder wat die beloofde Christus, die Messias is.

Een van Dawid se eie nakomelinge sal volgens die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7: 11 – 17 die Christus wees. Die Here Jesus self haal Esegiël 37: 24 aan: “My dienskneg Dawid sal koning oor hulle wees, en daar sal een herder vir hulle almal wees” wanneer Hy verklaar “Ek het ook ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Hulle moet Ek ook lei, en hulle sal na my stem luister, en daar sal een kudde wees, en een herder.” (Joh. 10: 16)

In die Dawidsbelofte kondig God al reeds aan dat die Christus twee Vaders sal hê. Dawid sal die Christus se vader wees en Hy sal ‘n seun van Dawid wees (2 Sam. 7: 12) en Hy sal ook Seun wees vir God wat sy Vader is: Ek sal vir Hom ‘n Vader wees en Hy sal vir my ‘n Seun wees. (2 Sam. 7: 14)

Net so word in die profeet Esegiël die dubbele herderskap van die Christus aangekondig. Eerstens sal die Christus, Dawid se seun Herder wees, “Ek sal een herder oor hulle aanstel, en hy sal hulle laat wie – my dienskneg Dawid. Dit is hy wat hulle sal laat wei; dit is hy wat vir hulle ‘n herder sal wees.” (Eseg. 24: 23) Maar tweedens sal God terselfdertyd ook die Herder wees: “Julle is my kleinvee, die kleinvee van my weiding. Julle is my mense. Ek is julle God.” ( Eseg. 34: 31)

Daarom, as Jesus verklaar dat Hy die goeie Herder is, het dit ‘n dubbele betekenis. Hy is as mens die seun van Dawid wat die Christus, die goeie herder is. Maar Jesus is terselfdertyd God self wat as God die goeie herder is.

Dit bring ons by die volle openbaring van hoe Jesus die goeie Herder is: Hy is God wat die Christus, die beloofde seun van Dawid geword het. God het nie vir ons iemand gestuur om vir ons die Christus, die Messias te wees nie. God het self die Christus vir ons geword. Dit is hoe die apostel Johannes dit in sy inleiding op die evangelie stel: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God, ... En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader, vol genade en waarheid.” (Joh.1: 1 en 14)

Jesus is God wat self die Christus kom word het, en daarom is Jesus self God ons Herder soos openbaar in Psalm 23. Terselfdertyd is Hy die beloofde Messias, die seun van Dawid wat ook Herder vir die kerk sal wees. So is Jesus die Herder, God die Seun van God die Vader en Herder, terselfdertyd seun van Dawid, mens soos ons.

3. Jesus Christus is die Herder wat ons met sy stem, sy woorde op die naam roep en lei. Herders in die Nabye Ooste het hulle skape só regeer – hulle het met hulle gepraat en nie op hulle geskree nie. Hulle het elke skaap op sy naam geken en vir elke skaap ‘n eie roep gehad. So het die herder met die skape gepraat en hulle het gehoor wat hy wil hê en hom dan gevolg terwyl hy voor hulle uitloop. Hierdie herders het nooit agter hulle skape geloop en hulle aangejaag nie. Hulle ken sy stem en volg hom as hy met hulle praat.

Ons ken die stem waarmee die Here ons op die naam roep en lei

Die woorde waarmee die Here Jesus met sy skape praat en hulle hoor en volg kondig die Here aan in Joh. 10: 7 – 19: “Ek lê my lewe vir my skape af” en “Ek neem my lewe weer op om vir hulle Herder te wees.” Jesus se lyding, kruisiging, dood en opstanding is sy magsdade wat Hy in volmag en in liefde uitvoer om Herder van sy kerk  te wees. Sy lyding, dood en opstanding is hoe Hy Homself die Herder maak vol genade en waarheid. Daarom sterf die Here met die verklaring: “Dit is volbring.”(Joh. 19:30) So het Hy alles volbring om Herder in genade en waarheid te wees. So is Hy die Herder wat sy kerk die ewige lewe gee en saam met hulle hul in die ewige lewe met Hom lei. (Joh. 20:31)

Hierdie woorde is die woorde waarmee die Here Jesus sy kerk lei en in hierdie woorde herken en ken die kerk Jesus Christus as die Herder – “Ek lê my lewe vir my skape af en neem dit weer op om hul in my genade en waarheid te lei.” Die Here se openbaring aan ons oor sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding, Hemelvaart en regering aan die regterhand van die Vader – is die woorde waarmee Hy ons lei en wanneer ons hierdie woorde hoor, volg ons Hom in die geloof.

Alle Christusse wat voor Jesus gekom het en wat na Hom sal kom, is net diewe en rowers wat die skape verniel roof en plunder. Daarom is alle spirituele mense wat vandag wys hulle is soos Jesus, so naby soos Jesus, so liefdevol soos Jesus, so innig soos Jesus, so kragtig soos Jesus en so magtig soos Jesus, spirituele diewe en rowers wat die kerk van die Here plunder.

Hierdie spirituele mense wat wil hê jy moet in hulle Jesus sien en hulle so as Jesus in jou lewe moet aanvaar, maak van die kerk van die Here Jesus ‘n lokval, ‘n vangkuil en ‘n vanghok. Dit is die ironie van wat die Here vir ons as Herder doen. Die Here maak die kerk, die kraal waarin Hy ons beveilig en beskerm. En dan maak al die spirituele leiers van hierdie wêreld die kerk hulle vangkuil om gelowiges te verniel en te roof vir hulle geestelike visies en missies. Hulle doen dit deur die woorde van die Here Jesus  waarmee Hy ons lei en ons hom volg te vervang met hulle eie woorde en stemme sodat ons hulle moet volg waar hulle ons lei. Hulle vervang die woorde van sy lyding en opstanding om Herder te wees met die woorde van hulle geestelikheid om ons leiers te wees.

4. Die Here Jesus wys eers vir sy dissipels hoe al die Jesus-karaktertjies  voor en na Hom sy kerk gaan roof en plunder, maar vir hierdie bedreiging gee die Here ‘n diep vertroosting: hulle kan gelowiges verniel, maar gelowiges sal hulle geestelike  leding nooit aanvaar en hulle nooit volg nie. Want die Here gaan in hulle hierdie wonder doen – hulle sal weet hulle geestelike woorde is nie die stem van hulle Herder nie. Dit is nie die woorde van sy lyding, opstanding en Herderskap in sy genade en waarheid nie. Die Here sal hulle so lei dat hulle van hierdie self aangestelde Christusse sal wegvlug.

Die Here se skape ken sy stem en volg Hom in hierdie woorde – Ek het vir julle gely, God sal julle nooit aankla nie; Ek is vir julle gekruisig, God sal julle nooit vir julle sondes vervloek nie, maar altyd seën; Ek het vir julle gesterf, God sal julle nooit straf maar in my beloning laat leef; Ek het godverlate gestraf sodat god altyd God met julle is.

Ons ken die stem waarmee die Here ons op die naam roep en lei

Hulle weet hierdie stem is die vreemde stem van diewe en rowers en vlug vir hierdie spirituele leiers – Ons is soos Jesus en jy moet ons volg. Ons leef soos Jesus en doen wat Jesus gedoen het. As jy doen wat ons vir jou sê sal jy ook net soos ons so magtig en kragtig soos Jesus word. Hierdie woorde is nie die Here se woorde van genade en waarheid nie, maar woorde waarin jy altyd veroordeel en skuldig sal staan dat jy nie soos Jesus is nie en alles moet doen wat spirituele leiers vir jou sê hoe om jou skuld af te werk en uit jou oordeel uit te kom.

Dit is en was nog altyd die identiteit van die Levubu gemeente gewees: hulle ken die stem van hulle Herder en volg Hom. Ons het dit op 'n besondere wyse beleef met my koms as proponent en kapelaan na die Veda weermag 41 jaar gelede. In 1984 was die beeld van Levubu gemeente dat dit die mees charismatiese gemeente in Noord Transvaal was. Die gemeente was 'n vangkuil gemaak gewees van geestelike diewe en rowers. Die visie en missie van hierdie rowerbende was om Levubu die Kwasizabantu van Noord Transvaal te maak. Alle lidmate moes van die kansel, in Bybelstudie en die kategese na die stem van die vreemde christusse luister: jy moet jouself doodmaak soos Jesus en dan sal jy so kragtig en magtig soos Jesus wees. Maar die Here was hul Herder en meer as 90% van die gemeente het nie die stem van hierdie rowers gevolg, al het hulle die gemeente hulle vangkuil gemaak.

5. In 1984 het ek as dienspligkapelaan so agt keer in Sibasa gepreek. Ek het nooit in Levubu gepreek nie. Die gemeente in Levubu het gehoor wat ek oor die lyding en opstanding van Christus gepreek het en dat ek die nabootsing van Jesus as afgodsdiens uitgewys het. In hierdie prediking het hulle die stem van hulle Herder gehoor, teen die spirituele leiers wat hulle kerk as vangkuil gebruik het, opgestaan en my 'n jaar later beroep. Hulle moes my toe 3 keer na mekaar beroep want die spirituele leiers wou nie dat die gemeente die stem van hul Herder hoor nie. Hulle het egter my aanhou beroep. Die Herder se skape ken sy stem en volg nie die stem van bemagtigde spirituele leiers nie.

In die tagtiger jare was daar 'n groot wisseling van amptenare in Sibasa. Hulle het uit gemeentes gekom waar hulle na die stem van vreemde Christusse moes luister. Vir van hulle was die stem van die Herder 'n vreemde stem en het hulle hul verwarring verwoord met die slagspreuk – die kinders verstaan nie die dominee nie. Daarvoor het ons toe die geloofsreeks "die Ketelreeks" ontwikkel en so het die kinders toe die evangelie van Jesus se lyding en opstanding gehoor wat hulle sonder skuld en oordeel in God se liefde laat leef. Toe volg die kinders die stem van hul Herder, wat elkeen van hulle in hul doop op hul naam geroep het en lei. Want anders as wat spirituele mense oor kinders glo, hoor lammertjies ook die stem van hulle Herder en volg hulle hul Herder, nie vreemde stemme van vriendelike innige ooms en tannies wat hulle vir lamsvleis wil slag nie. Toe vlug die kinders, tot vandag toe nog, vir die vreemde stemme uit Pretoria.

Só het Levubu gemeente nooit na die stemme van vreemde Christusse geluister en hierdie stemme gevolg nie. Toe die spirituele leiers in 1988 van die kerk 'n vanghok gemaak het dat ons as gelowiges teenoor die gemeenskap skuldig staan vir die sonde van apartheid en vir die land 'n nuwe toekoms sal skep as ons ons beroepe, poste, geleenthede, geld en besittings opoffer in selfopoffering vir versoening, het ons nie hierdie vreemde Christus se stem gevolg nie maar ons laat lei deur die

Ons ken die stem waarmee die Here ons op die naam roep en lei

Herder wie ons sonder skuld en oordeel elke dag in sy toekoms vir ons saam met Hom neem. Ons het nie die land met ons bekerings aan goddeloses uitgelewer nie.

Toe die stemme van diewe en rowers ons en ons kinders met hulle seremoniële prentjies van kerse, optogte, waterspeletjies en kruise van die Woord van die Here wou weglei agter hulle geestelike drome aan, het ons na die stem van ons Herder bly luister en nie agter hierdie vreemde stemme met hulle vertonerige spiritualiteit aangeloop nie. Ons het die stem van ons Herder volg genade en waarheid bly volg.

6. Ons het as gemeente nog altyd die Here se stem in sy evangelie gehoor en Hom gevolg. Toe die geestelike diewe en rowers die kerk hulle vangkuil wou gemaak het om ons te wou lei om ons plase weg te gee vir hulle gewaande burgerlike versoening wat sou plaasvind (en toe nooit gebeur het nie) as ons ons plase vir eisers sou gegee het, het ons geweet dit is die stem van vreemde Christusse en het ons hulle nie gevolg nie. Ons het nie ons plase as die offers vir hulle versoening op gegee nie. Ons het die Here gevolg wat die enigste offer vir versoening is en ons self in sy diens toegewy op ons plase waar ons kos vir die land produseer.

Net so wou die spirituele diewe en rowers ons gemeente en erediens hulle vanghok maak vir hulle nuwe missionale god waar ons in pas met God kom en vir hom moet marsjeer. Met hulle god kom jy in pas deur papiere op tel en die strate van townships skoon te maak. Die Here wat ons die sendingopdrag gegee het om sy evangelie aan alle nasies te moet verkondig, moes ons agter los vir hierdie nuwe missionale god wat nes al die liberale demokrasieë hulle mag uitbrei met vrywillige gemeenskapsdiens in gemeenskappe ander as jou eie.

Ons het nie hierdie vreemde stemme van vreemde Christusse gevolg wat ons beskuldig dat ons met God uit pas is as ons ons Herder volg waar Hy ons met sy evangelie lei nie. Ons het nooit in pas met God of vir God marsjeer nie.

Net so het ons nie die stemme van al die spirituele leiers gevolg wat elke dag weer ‘n nuwe spirituele dissipelskap kursus uitdink waar jy net ‘n volgeling van die Here kan wees wanneer jy hulle kursus geloop het en een van hulle institute, verengings en kolleges se volgelinge geword het. Al word ons nou weer gebrandmerk as die sogenaamde naïewe christene wat die Bybel kamstig naïef lees en nie so wetenskaplik- spiritueel lees soos die ware sogenaamde dissipels van die Here nie. Sonder kursusse, seminare en kongresse het ons die Here Jesus gevolg waar sy lyding, kruisiging en opstanding verkondig is en Hom in sy liefde vir ons aanbid en gedien.

Kom ons leef met die Here soos ons Hom in sy woorde leer kan het – as ons Herder wat Hom kan volg en Hy ons na groen weivelde en waters waar rus is lei. Die Here maak sy kerk ons veilige hawe waar ons vry in en uit beweeg. Niemand kan sy kerk ons vanghok maak nie want ons sal nie hulle vreemde stemme volg nie. Ons volg nie christusse wat ons vir hulle mag en saak slag nie.